



Kersuitgawe

39 ste Nuusblad van Streek Rietvallei
Desember 2018

Kersuitgawe



Inhoudsopgawe

- Rietvallei Bestuur
- Kersboodskap vanaf Voorsitter
- Senior Burger hoekie
- Kersfees kortverhaal
- Horison Sorgsentrum
- Redaksie
- Verjaarsdae
- Huwelikshedenkings
- Toekenings 2018
- Afsluitingskamp
- Foto Kompetisie
- Advertensies



Rietvallei Bestuur

Voorsitter

Pieter Viljoen 078 094 7436
pieter@thechef-boys.co.za

Ondervoorsitter

Rudi Britz 083 309 9664
rjnood@gmailcom

Penningmeester

Tjaart Klaasen
tjaartjk@absa.co.za

Sekretaris

Pieter le Roux 083 258 3613
rietvallei.sawasekr@gmail.com

Redakteur

Magda Britz 082 083 9295
magdabritz@gmail.com

Senior Burgerverteenwoordiger

Margriet van den Berg 082 586 0480
wavdberg@telkomsa.net

SAWA Webblad:

www.sawa.org.za



Kersboodskap vanaf Voorsitter

Geagte Rietvallei Vriende

Wat 'n voorreg om gedurende die aanloop na die 2018 Kersseisoen 'n kort boodskap aan julle te bring.

Geskenke is iets wat vir my persoonlik baie na aan die hart lê, en soos ek seker is, vir meeste van ons is 'n geskenk iets wat ons koester, omdat dit normaalweg 'n geliefde vriend of familielid is wat die geskenk gee.

Ons Liewe Vader het baie meer as net 'n geskenk gegee. Hy het Sy lewe vir ons gegee. Ons vry en rein gemaak deur Sy bloed.

Mag ons as kampvriende gedurende hierdie kersseisoen so bewus wees van daardie ENORME geskenk dat ons nie kan anders as om ook dieselfde liefde, vreugde en vrede aan dié rondom ons kan deel nie.

Wees God gedrewe ambassadeurs waar ook al jul julleself sal bevind gedurende die Feestyd.

Vir dié van ons wat gaan sleep, wees asseblief veilig op die pad en geniet die Kerstyd terdeë.

Vrede

Pieter Viljoen

Voorsitter

Sawa Rietvallei

Senior Burger - Kersie toer 2018



17 lede van Streek Rietvallei (9 woonwaens), onder die leiding van Neel en Rina de Klerk, bygestaan deur Wim en Magriet van den Berg, het 'n nie amptelike toer "Die Kersie Toer" onderneem vanaf 26 Oktober tot 25 November 2018. Die hoofdoel van die toer was om die Kersiefees op Ficksburg by te woon.

Die omvang van die toer het uitgebrei

Hein Henze het gereël dat ons die Tukhela Kragstasie by Drakensville besoek. Tinus Fourie het die toer na die Khatse Dam in Lesotho geneem.



Die toer het by Mountain

Splendour, Drakensberg, ATKV Drakensville, Golden Gate, Iona Kersieplaas en Klein Paradys, Modimolle gekamp.



Ons kuier by Mountain Splendour

Hoogtepunte van hierdie deel van die toer was

- Die Falcon Ridge Bird of Prey Centre
- Die Drakensburg Seunskoor vertoning
- Scrumpy Jack's HED Honey Products
- Winterton Straat Karnaval

Die Drakensburg Seunskoor uitvoering was 'n belewenis. Die kinders se dissipline, maniere en algemene gedrag was 'n kenmerk van hoe ons kinders kan presteer. Falcon Ridge Birds of Prey Centre was aremrowend. Die verhouding tussen die valkenier en die roofvoëls was iets om te beleef.




Scrumpy Jack's HED Honey Products het ons ingelig oor die gewoontes van bye en produksie van heuning. Intussen het almal gekuier en geëet by die Winterton Straat Karnaval, die Waffel Hut en die braaivleis etes by die kamp.



Die windstorm by die oord het almal onkant gevang; vinnig was werk gemaak om die tente te beveilig.

Ons kuier by Drakensville




Ons kry sneeu op die Drakensberge !!
Ons besoek die Royal Natal National Park. Van 'n geskiedkundige oogpunt was die besoek insiggewend. Die Hoogtepunt hier was die kuier aan die Tukhela Kragstasie. Die oorspronklike doel van die skema was om water te voorsien aan die Vaaldam en dus Gauteng. Die kragstasie het later bygekom om krag te genereer in tye van krag tekorte. Die toergroep is op 'n begeleide toer geneem deur ESKOM beamptes en ons is 52 verdiepings met hysers ondergronds geneem. Hierdie projek het verskeie toekennings ontvang vir ingenieurs prestasies. Dankie Hein vir jou moeite en reëlins. Ons het toe ook by die oord se restaurant geëet.

Lettie se pasta



Ons kuier by Golden Gate

Hier was dit baie rustig. Ons het 'n oggend by Clarens deurgebring; lekker saam gebrui en ons eerste "sang" aad saam met Tinus Fourie geniet.




Sonsondergang

Die uitlaat van die Khatse water by die As Rivier is ook besoek. Die "Roofvoël Uitkyk" in die park is ook besoek. Die rit deur die Golden Gate Nasionale Park was wonderlik en die natuur en berg formasie te kon aanskou.

Ons kuier by Iona Kersieplaas

Die kampstaanplekke is op die plaas. Die oord is nog baie nuut en die eienaars is bereid om ons voorstelle te implimenter ten einde die oord te verbeter. Die oord is baie stowwerig en ongelyk, maar die kleedkamers is netjies.

Die Iona Kersieplaas fees het toere deur die Kersieboorde aangebied waartydens daar inligting oor die verbouing van kersies gegee is. 'n Geleentheid om self kersies te oes en te nuttig is toegelaat. Een van die interessante feite is dat daar manlike en vroulike kersie variante is. Daar was ook geleentheid om kersielikeur en ander kersie produkte te proe. Die kos stalletjies het onder andere afval, waffels en kaasvarkies aangebied. Daar was 'n biertent waar verskeie kunstenaars van vroegdag tot laat aand opgetree het. Saterdagand het Anton Goosen opgetree; bietjie terleurstellend want die klank was nie goed nie.



Ons moes bontstaan om die wind wat gewaai het feitlik elke dag te trotseer.

Hier het Neels en Mel 'n toneelstuk in Russies opgevoer oor die uitvoer van "Tota" jellie na Hong Kong!!!

##@@@\$\$&%!!(Russies vir sin).

Die Kersiefees by die skougronde in die dorp was ook besoek.



Ons kuier by Khatse Dam, Lesotho

Wat 'n belewenis !!

Hierdie deel van die toer is behartig deur Tinus Fourie. Ons is deur die grenspos by Ficksburg vroeg oggend. Tinus het ons met 'n alternatiewe roete, 'n grondpad, na die dam geneem wat ons kans gegee het om die pragtigste natuurskoon en dam te besigtig, maar ook die plaaslike bevolking se leefwyse te sien.

By die damwal is ons eers na die lesinglokaal geneem waar ons inligting oor die Lesotho Highlands Water Project gegee is.

Die damwal is 185 meter hoog. Nog 'n interessante feit is dat daar geen staal gebruik is in die konstruksie van die damwal nie. Hierdie projek voorsien 50 miljoen rand per maand water aan RSA en is een van die hoof bronne van inkomste vir die Lesotho regering.

Water word 82km deur 'n tunnel gevoer waar dit by die As Rivier (naby Clarens) uitkom en dan na Liebenbergsvlei rivier, na die Wilge Rivier naby Frankfort en dan na die Vaaldam. Die projek is nog nie voltooi nie en sal oor die volgende jare uitgebrei word. Hierna is ons op 'n toer geneem in die damwal wat baie insiggewend was.



Na die besoek aan die damwal is ons geneem na die Highlands Trout Farm waar ons ingelig is oor die teel van forel 'fingerlings'. Die aanleg kweek 350 000 forel 'fingerlings' op 'n slag wat dan in die dam tot volwassenheid gebring en dan geoes word vir die plaaslike mark in die RSA sowel as vir uitvoer. Ons ry oor die damwal terug na Ha Lajone waar ons by die Botlabeng Lodge oornag het. Die volgende oggend lê ons besoek af by Khatse Trout Farm.



Ons sluit die toer af op Klein Paradys

Maandag 19 November 2018 sleep ons 520km vanaf Ficksburg na Modimolle.

Dinsdagaand hou ons weer konsert aangebied deur Tinus.

Die toer sluit Woensdagaand af met 'n ete by Pepe's Restaurants, Modimolle.

Verdere belangrike kommentaar

- Ons dank aan ons Hemelse Vader wat ons in Sy hand vasgehou het deur die toer. Ons het geen teëspoed gehad nie.
- Die natuurskoon in die Drakensberge, Lesotho en Vrystaat bly asemrowend.
- Die afsluitings ete by die kamp, gereël deur die toer dames was uitstekend.
- Die aktiwiteite rondom die toer was sinvol en ons het dit almal baie geniet.
- Ons toergroep waardeur die insette en harde werk van die Toerleiers

Hierdie is 'n kort oorsig van ons toer. Indien meer besonderhede geskryf moet word, sal dit 'n boek vol wees.





Die Stomp-toekenning gegee
aan Mel.
Fotos onderaan.



Pa vir Kersfees

Ek is papnat gesweet toe ek wakker skrik. Ek lê en bewe soos 'n riet in die wind. Ek steek my hand uit na my vrou. 'n Oomblik lank tas ek rond, maar sy is nie daar nie. Toe onthou ek ... sy is weg ... sy en die kinders. Sy kon nie meer my drinkery uitstaan nie, het sy gesê.

My mond voel of dit vol watte is en my tong kleef aan my verhemelte vas. Die bed kraak toe ek roer en die geluid weerklink deur die leë huis. O vader, dit is eensaam! Ek was nog nooit in my lewe so eensaam nie.

Jare lank drink ek al, maar ek het eers die afgelope jaar besef dat ek 'n drankprobleem het, dat ek verslaaf is aan drank. Ja, ek, die sosiale drinker wat gespog het dat ek enigeen onder die tafel kon drink, is eintlik 'n dronkaard ... 'n alkoholis. Dit was 'n wrede ontnugtering vir my, en nou ... en nou sit ek in 'n leë huis sonder kind of kraai.

Ek onthou nog hoe my kinders gelyk het die aand toe hulle weg is. Die twee meisies met hul jassies wat al beter dae gesien het en die seuns met hul broeke wat al lankal te kort is. Ek was onder die invloed en alles het vir my somer piekfyn gelyk. Die ergste van alles was toe my seun sy sakdoek uithaal om die spoegstraaltjie langs my mond af te vee. Ek wens ek was dood ...

Ek klim uit die bed en strompel kombuis toe. Ek is dors en lus vir 'n koppie koffie, maar daar is niks in die huis nie. Die kaste is leeg. Ek tap 'n glas water in. Die water spat oor die rand, so bewe my hande. Ek moet albei hande gebruik om die glas by my mond te kry. Ek het 'n gemors van my lewe gemaak ... ek haat die drank!

Ek het die afgelope twee dae nie gewerk nie. Ek tas in my benewelde brein rond vir die datum ... dis die vyfde Desember.

Die vyfde Desember? O Here! Wat van my kinders? Hulle het nie 'n kledingstuk in die huis nie. Ek moet by die werk kom.

Ek het nie geld vir die bus nie en besluit om duim te ry tot by my werk. Maar niemand wil stop nie, en ek daag laat by die werk op. Gou verkleef ek en stap na my werkplek. Toe roep my voorman my.

"Pieterse! Brian Pieterse!" skreeu hy. "Ja meneer?" "Moenie vir my 'ja meneer' nie, man, waar is jou doktersertifikaat?" "Ek het nie een nie, meneer."

Meneer Paulse is 'n gawe ou, maar op hierdie oomblik is hy woedend.

"Twee dae weg van die werk af, dan kom jy nog laat ook! Kyk hier." Hy maak die register oop. "Elke maand was jy omtrent vier dae afwesig, elke keer op 'n Maandag. Ek het lus en dank jou af, maar ek gaan jou 'n kans gee om jouself reg te ruk. Jy mag maar jou geld gaan haal, dan kan jy weer volgende jaar terugkom."

"Volgende jaar? Maar, meneer ..." Ek probeer verduidelik, maar hy wil niks hoor nie.

Verslae verkleë ek weer en gaan haal my geld by die kantoor. Dertig rand. 'n Miserabele dertig rand. Wat maak 'n mens met dertig rand? Ek voel die warm, souterige trane oor my wange vloei.

Die hele oggend loop ek in die stad rond. Oral is daar uitverkopings en die mense loop in en uit by die winkels. Nog net twintig dae voor Kersfees! skreeu die advertensies.

Wat nou? vra ek my af, maar die antwoord ontwyk my. Ek gaan by 'n supermark in en koop 'n paar items vir die huis. Toe ek verby die kroeg stap, trek die reuk van wyn en bier my soos 'n magneet. Ek moet letterlik aan 'n paal vasklou.

O Here help! pleit ek onwillekeurig. Ek moet huis toe, ek moet, ek moet, ek moet! Ek het lus vir 'n stywe dop. Dit vreet aan my soos 'n kanker, dit voel of ek gaan mal word ... Toe is ek om die draai. Ek is natgesweet en bewerig van die honger.

Die huis is in donkerte gehul ... en verlate. Ek besef nou eers wat die lig in die venster vir my beteken het. Dit het ek alles prys gegee ... vir drank.

Ek klim in die bed met 'n groot beker stomende koffie en 'n paar toebroodjies. Dit is koud en vir 'n lang tyd lê ek wakker. Net voordat ek aan die slaap raak onthou ek die noodgebed wat ek voor die kroeg gebid het. Wanneer laas het ek gebid? Ek kan nie eens onthou nie. Ek slaap rusteloos: ek droom van my kinders, grootoog van die honger.

Die volgende dag is ek vroeg wakker. Gister was ek heeldag sonder wyn. Dit is amper 'n wonderwerk. Ek staar na my hande. Hulle bewe nog steeds en ek voel koorsig. Vandag moet ek werk kry, enige werk.

Oral waar ek gaan kry ek dieselfde antwoord. "Kom volgende jaar." Die hele week lank soek ek, maar daar is niks. Saans loop ek 'n wye draai om die kroeg. Wanneer ek tuis kom, prewel ek 'n dankgebed omdat ek nog 'n dag van die drank weggebly het.

Sondagoggend val ek weer vroeg in die pad. Ek is rusteloos en ek kan die verandering in my voel. Ek drentel in die middestad rond. In die verte hoor ek die kerkklok lui. My hart skreeu uit van verlange.

Dan kom ek by 'n winkel waar 'n ouerige vrou besig is om die venster te versier. Ingedagte staan ek voor die venster en hou die vrou dop. Op haar naamkaartjie staan *Francis Thorne*. Sy glimlag vriendelik.

Na 'n rukkie beduie sy vir my om in te kom. "Waarom lyk jy so treurig op so 'n lieflike dag?"

"Ek voel 'n bietjie neerslagtig. Kan ek help?" "As jy wil, maar ek kan jou nie betaal nie."

"Dis orraait." "Ek moet maar my eie vensters doen, ek kan nie iemand professioneel bekostig nie." "Jy gaan goed aan," sê ek. "Dink jy so?" "Ja, al wat jy nou makeer is 'n Kersvader om die kinders te lok." "Kersvader? Dit klink na 'n goeie idee, maar wie?" Sy kyk na my. "H'm ... ek moet werk soek." "Werk jy dan nie?" Ek vertel haar die hele storie. "Jy sê jy het die hele week nog nie gedrink nie?" "Nie 'n druppel drank nie."

"Dan is jy mos nie 'n alkoholis nie. Meneer Pieterse, ek gaan 'n kans waag ... ek bied jou die werk aan om Kersvader te wees. Jy begin Maandag."

Maandag donsvoordag is ek voor die winkel. Ek kan nie wag om te begin werk nie. Die eienares gee vir my 'n Kersvaderpak met 'n baard en 'n masker.

Die besigheid begin maar stadig, maar teen tienuur het ons ons hande vol. Ek hou die kinders besig in 'n groot speelkampie terwyl hul ouers inkopies doen. Ek vra die kinders wat hulle vir Kersfees wil hê, dan dra ek die inligting aan hul ouers oor wanneer hulle terugkom. Die geluid van die geld in die geldlaai klink soos musiek in ons ore. Ons plan werk.

Die aand is ek doodmoeg, maar gelukkig. Francis sit agter die toonbank, haar skoene uitgeskop.

"Meneer Pieterse, jy is vir my goud werd," sê sy.

Daardie aand slaap ek soos 'n klip.

In die daaropvolgende dae is die speelkampie gedurig vol kinders. Die kinders laat my lag en somtyds laat hulle my huil oor die dinge wat hulle my vra. Ek is bly oor die masker.

Een middag trek iemand my aan die baadjie.

"Kersvader?" Ek skrik my byna boeglam toe ek die stem herken. Dis my dogtertjie, Janine. My oë is vol tranes toe ek haar optel. Sy voel so tengerig. "Wat wil jy vir Kersfees hê, jong dame?" "Ek wil graag nuwe rokke hê vir my mammy en my sussie, en ook klere en skoene vir my broers," sê sy. "Wat van jou, wil jy niks hê nie?" wil ek weet. "Ja, ek wil my pappa hê!" Sy bars in tranes uit. Gou is my vrou, Una, by. Una kyk reguit na my, maar sy herken my nie. Sy kyk verbaas na die Kersvader wat so skaamteloos saam met haar dogter huil.

Die mense om die speelkampie word stil toe hulle die drama aanskou. Francis sien dit ook en maak haar eie afleidings.

Toe die vrou en haar dogtertjie by die toonbank kom, vra sy die kind wat sy vir Kersvader gevra het. Sy knik haar kop bevestigend toe die dogtertjie klaar gepraat het. Una maak haar mond oop om iets te sê, maar Francis sit haar vinger voor haar lippe.

"Ek glo nog in wonderwerke," sê sy. Una skud haar kop, sy dink duidelik die ou vrou is van lotjie getik.

Dis eenuur in die middag, drie dae voor Kersfees, toe ek die kind oor die straat sien loop. Die kind se ma is besig om by die winkelvenster in te loer. Toe sy omkyk, is die kind reeds in die straat. Sy skreeu histeries. Dit laat die kind skrik; sy weet duidelik nie wat om te doen nie.

Sonder om te aarsel vlieg ek by die deur uit en halfpad oor die straat. Ek gryp die kind en druk haar teen my bors vas net toe die motor my tref.

Wat daarna gebeur het, weet ek nie. Toe ek bykom, lê ek in die hospitaal. Daar is 'n vreemde man langs my bed.

"Dankie Vader, jy't bygekom!" sê hy en hou my hand styf vas. "Meneer, ek is jou baie dank verskuldig."

"Die kind ...?"

"Emma is veilig meneer, danksy jou vinnige optrede. Ek is meneer Jacobs, Emma se pa. Jy is 'n dapper man, meneer, jy verdien 'n medalje."

"Dis sommer niks, man, jy sou dieselfde gedoen het." "Sou ek? Ek weet nie," sê hy.

Die volgende aand daag Francis saam met Emma en haar ouers daar op.

"Hoe gaan dit daar by die winkel? Ek is jammer as ek jou enige ongerief veroorsaak het."

"Jammer, ongerief? Waarvan praat jy tog? Die winkel is nou so stampvol dat ek twee meisies moes aanstel. Dis alles aan jou te danke, jou heldedaad het my winkel beroemd gemaak."

"Ek is bly."

Ek wil myself ontslaan, maar die dokter wil niks daarvan hoor nie. Dit is die dag voor Kersfees en ek wil graag alleen wees, alleen met my gedagtes. Ek wonder wat maak my vrou en kinders nou, ek weet nie eens waar hulle tuisgaan nie. Ek byt op my onderlip in 'n poging om die trane te keer.

Ek word eers die aand ontslaan. Dit kom vir my baie onreëlmatig voor, maar ek wil daar wegkom en vra nie nog vrae nie. Die versierings en die besoekers met presente vir hul geliefdes laat my treurig voel. Ek was darem 'n spot.

"Ag Here, wees my vrou en kinders barmhartig. Here, gee my nog net een kans," bid ek saggies.

Buite die hospitaal wag 'n verrassing op my ... Francis, Emma en haar ouers is daar met 'n kombi.

"Dit is nie nodig nie, ek is darem nie gebreklik nie." "Klim in, meneer Pieterse, moet nou nie nog redekawel nie! Dit is die minste wat ons vir jou doen."

Die rit word in stilte afgelê, elkeen besig met sy eie gedagtes. Suutjies kruip Emma se handjie in myne in ... Die trane brand agter my ooglede. Dan hou ons voor die huis stil. Dit is donker en verlate. Ek staan daar voor die hekkie en wens dat hulle wil ry. Ek wil alleen wees.

"Toe nou, meneer Pieterse, gaan in, ons wil eers sien jy's binne voordat ons ry," sê Francis. Stadig strompel ek na die deur toe. Ek wonder of daar nog koffie is. Ek kan nie meer onthou nie.

Toe swaai die voordeur oop en die ligte word terselfdertyd aangeskakel. Daar is baie mense in die voorkamer. Sommige herken ek as mense wat daardie dag van die ongeluk in die winkel was. Daar is ook 'n groot Kersboom met liggies wat aan en af flikker en pakkies om die boom gepak. Die tafel is vol kruideniersware.

Una en die kinders kom uit die kamer te voorskyn. Hulle is almal netjies uitgevat. Ek is spraakloos ... Soos in 'n droom, hoor ek Francis sê: "Kersvader het vanjaar vroeg gekom."

Janine gryp my hand vas. "Ek het geweet Kersvader gaan jou terugbring! Ek het hom mos gevra."

Wat sê jy as daar 'n groot knop in jou keel is en die trane oor jou wange stroom?

Horison Sorgsentrum



Horison Sorgsentrum
Kollekte en Kersfeespakkies
04 Desember 2018



Rietvallei het weereens besluit om die kollekte gelde wat ons gedurende die jaar se kampe in, te oorhandig aan die sorgsentrum. Maar buiten die bydrae is die kinders en personeel by Horison Sorgsentrum vir oulaas die jaar bederf met 'n feestafel van eetgoed. Vir die kinders is weereens lekkergoed pakkies opgemaak. Die personeel het ook elkeen 'n geskenkpakkie gekry. Daar is ook heelwat sakke tweedehandse klere oorhandig.

Die kinders was baie opgewonde oor die "PARTY" want daar was weer kaaskrulle op die tafel en in hul geskenkpakkie. Dit is werklik so kosbaar om daardie vreugde op hulle gesiggies te sien. Moenie die personeel se gesiggies miskyk nie!

Die aangehegte fotobeelde is "selfsprekend" van ons lekker kuier-oggend.

Dankie aan almal wat dit moontlik maak om die spesiale oggend te kon laat gebeur.

Rietvallei Streek wens die personeel, elke kosbare kind by Horison Sorgsentrum en die lede van Rietvallei 'n baie Geseënde Kersfees toe!



Groete

Tjaart Klaasen

Foto's: Magda Britz



Redaksie

Een van my WhatsApp vriende het hierdie vir my gestuur. Wil graag met julle deel. Dit laat mens regtig diep dink oor Kersfees en die gebeure daar rondom. Mag elkeen van julle Rietvallei vriende en julle families 'n baie geseënde Christusfees beleef. Vrede en vreugde vir julle almal.

Magda Britz

UITNODIGING

Soos julle weet kom MY verjaardag nader. Elke jaar is daar 'n viering in MY eer, en hierdie jaar sal die viering herhaal word.

Gedurende hierdie tyd soek baie mense geskenke, daar is baie radio aankondigings, advertensies, en in elke deel van die land praat elkeen van MY verjaardag wat al nader kom. Dit is baie lekker om te weet dat ten minste een maal per jaar, party mense aan MY dink. Die viering van MY verjaardag begin baie jare terug. In die begin was die mense dankbaar en het verstaan wat EK alles vir hulle gedoen het, maar nou lyk dit of min verstaan wat gevier word. Familie en vriende kom bymekaar en geniet die tyd geweldig, maar min weet die rede vir die viering. EK onthou laas jaar was daar 'n fees in MY eer. Die tafels was vol lekker eetgoed, vrugte en sjokolade. Die dekorasies was fantasties en daar was hope toegedraaide geskenke. Maar weet julle – EK was nie genooi nie! EkKwas die Eregas maar niemand het onthou om vir MY 'n uitnodiging te stuur nie. Die viering was vir MY, maar toe die wonderlike dag aanbreek, was EK buite gelaat, die deur is toegemaak in MY gesig ... EK wou so graag saam met hulle wees en hulle tafel deel. Die waarheid is dat die laaste aantal jare het baie die deur vir MY toegemaak. Omdat EK nie genooi was nie, het EK besluit om die viering te deel sonder om 'n geraas te maak. EK het saggies ingegaan en in die hoek gestaan. Die meeste het gedrink, en party was dronk en het grappe vertel en gelag oor alles. Hulle het 'n goeie tyd gehad. Om alles te kroon het 'n groot, vet man, aangetrek in rooi met 'n lang wit baard, die kamer binne gekom en almal het ho-ho-ho geskreeu. Hy het

dronk gelyk. Hy het op die bank gaan sit en al die kinders het na hom toe gehardloop en geskreue 'kersfees vader', 'kerfees vader, - asof die viering in sy eer was. Teen middernag het almal mekaar gedruk – EK het ook MY arms uitgehou en gewag vir iemand om MY te druk – maar niemand het na MY toe gekom nie. Almal het geskenkies begin uitruil. Hulle het dit oopgemaak met groot verwagting. Toe almal oopgemaak is, het EK gekyk of daar dalk net een vir MY ook was, maar hulle het MY vergeet. Toe het EK besef EK is onwelkom en het saggies weggegaan.

"EK wil graag hierdie Kersfees hê dat jy MY sal toelaat om in jou lewe te wees. EK sal daarvan hou as jy die feit besef dat ek meer as 2000 jaar gelede MY lewe vir jou afgelê het aan die kruis om jou lewe te spaar. Vandag stuur EK die uitnodigings uit en daar is 'n uitnodiging vir jou. EK wil weet of jy dit graag sal wil bywoon, want sal EK vir jou plek bespreek en jou naam met goue letters in MY gasteboek skryf. Die wat nie die uitnodiging antwoord nie – sal buite gelaat word.

Wees gereed, want sodra alles gereed is, sal jy deel wees van MY partytjie. Sien jou gou.
EK het jou lief.
"JESUS"

Verjaarsdae



28 November – Pieter Viljoen

19 Desember – Gideon van Zyl

21 Desember – Magdaleen Viljoen

Baie geluk met die verjaardae. Hoop julle word lekker bederf.

Huwelikshedenkings



Hennie & Venita Engelbrecht.

Henry & Roekie Hill
Tjaart & Marietjie Klaasen



34 Jaar - Gideon & Helena van Zyl
47 Jaar - Pieter & Elmarie le Roux
48 Jaar - Tinus & Tersia Fourie
49 Jaar - Daan & Elize v/d Berg



Jan & Gerda de Wagenaar
50 Jaar

Toekennings



Hennie & Anne-marie
200 Algemeen

Tinus & Tersia
50 Algemeen

Gideon & Helena
20 Streek

Ann
70 Streek

Neels & Rina
110 Streek



Magda – Streekbydrae tot Webwerf



Mel & Lettie – Ere Lidmaatskap van SAWA



Stomp van die jaar gaan aan

Hennie

Afsluitingkamp 2018 - Klein Paradys - Nylstroom

Kampkommandante by Klein Paradys





Kom ons kyk wie neem die mooiste vakansie foto's.
Kies 3 van jou fotos en stuur dit vir my aan. Die
sluitingsdatum vir die kompetisie is Einde Maart.
Maar moet nie ou fotos stuur nie. Dit moet vanaf
Desember 2018 tot Maart 2019 wees.

Sterke, ek kan nie wag om die fotos te sien en
ontvang nie.

magdabritz@gmail.com

SAWA lede met besighede of stokperdjies!!

Ons sal jul advertensies plaas vir slegs R250 vir die jaar! Belangstellendes kan gerus 'n voorbeeld van die advertensie vir Magda Britz (magdabritz@gmail.com) deurgee.



Ons doen Spyseniering enige plek enige dag

*Spitbraais, Potjiekos
funksies, Buffet etes en
"Snack Platters"*



078 094 7436

pieter@thechef-boys.co.za



Vir die Die Camp Corner Portable Camping Canopy, kontak Terisa Pohl by 0714920607

campcornersa@gmail.com

www.campcornersa.com



Shuttle Service & Day Trips

Different Shuttle options to suit your needs. Plan your Shuttle trip on our WEBSITE and experience safe and responsible travel.

Various Day Trips to suit your needs. Pick your trip on our WEBSITE and join us on a remarkable day jol....

AVAILABLE - DAY TRIPS :

Pilansberg National Park
De Wildt Cheetah Centre
Bush Babies Monkey Sanctuary
Cradle Of Humankind – Maropeng
The Elephant Sanctuary
Sterkfontein Grotte
Rhino and Lion Park
Cullinan Diamond Mine
Sun City Day Trip
Gold Reef City with Underground tour
Pretoria Zoo
Mystic Monkeys
Dinokeng day Trip
Voortrekker Monument Pretoria
Magaliesberg Canopy Tours



SHUTTLE OPTIONS:

- AIRPORT TRANSFERS
- CITY TO CITY TRANSFERS
- BUSINESS TRANSPORT SHUTTLES
- PERSONAL PLANNED SHUTTLE TRIPS



SENIOR CITIZEN 5 DAY TOURS

We cater for Pensioners (groups of 10 - 15) departing from Retirement Villages in and around Pretoria, Centurion for midweek day trips.

HURRY AS SEATS IS FILLING FAST

Visit Our WEBSITE for booking and payment procedures.

www.TTTS-Adventures.co.za

Cell: 083 309 9664

Email: Rudi@ttts-adventures.co.za



Magda Britz